

DIE REPTIELE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

DEEL 1


J.H. van Wyk

Gedurende 'n opname deur De Waal (1978) van die reptiele wat in die Vrystaat aangetref word, het dit geblyk dat 78 verskillende reptielspesies en sub-spesies voorkom. Dit is nie altyd maklik vir die leek om te onderskei tussen 'n slang en 'n akkedis nie, wat nog te sê van onderskei tussen verskillende slange of akkedisse. Aangesien die algemene of streeksname baie verwarrend kan wees, is dit wenslik dat selfs die leek 'n bietjie begrip moet hê vir hierdie diere se erkende name. Op grond van sekere gemeenskaplike

kenmerke word die reptiele in groepe ingedeel wat dit nog makliker maak om met jou buurman te kommunikeer.

Reptiele word veral onderskei van ander diere deur die kenmerkende "droë", horingagtige skubbe waarmee die liggaam bedek is.

Samevattend verdeel ons die reptiele in drie hoofgroepe, nl.—



Ons groepeer dan verder die akkedisse (Sauria), slange (Serpentes) en die wurm-slange (Amphisbaenia) saam onder die **Orde Squamata**. As jy dus 'n reptiel moet identifiseer wat nie soos 'n skilpad of krokodil lyk nie, kan dit een van die Squamata wees. Deur van die skematiese sleutel langsaan (bl. 9) gebruik te maak, kan jy nou besluit of dit 'n slang, wurm-slang of 'n akkedis is.

Ons gaan ons eers beperk tot die uitkenning van die **AKKEDISSE (SAURIA)**.

SUB-ORDE: SAURIA

ALGEMENE KENMERKE VAN AKKEDISSE

Beendere van **bokaak** is stewig geheg aan skedel en **onderkaak** se twee helftes is stewig aanmekaar geheg d.m.v. ligamente. **Ledemate** of **oorblyfsels** van ledemate is gewoonlik sigbaar, alhoewel algehele degenerasie mag voorkom by grawende soorte. **Vel** is bedek met skubbe knobbeltjies en/of granules. Die **stert** breek maklik af in sekere soorte, maar kan ook gebruik word vir verdediging, klim en swemdoeleindes. **Oë** het in die meeste gevalle ooglede, waarvan die onderste die **beweeglikste** is en soms deurskynende vensters besit. Die **oeropening** kan groot wees of gedeeltelik bedek deur skubbe/velvou, of volkome bedek wees deur skubbe/timpaniese skild. Die **tong** varieer aansienlik in vorm. **Tande** is gewoonlik klein, alhoewel relatief groot in groter soorte. **Femorale kliere** gewoonlik in 'n enkele ry op agterbeen gerangskik en meestal goed ontwikkel by die mannetjies. **Pre-anale kliere** is soms aanwesig in 'n ry voor die **anale opening**. Funksie van hierdie kliere is spekulatief. **Anale opening** lê dwars met

gepaarde koppelatoriese organe aan albei kante geleë in die **mannetjie**. Die meeste akkedisse vertoon 'n mate van **kleurverandering** en by die mannetjies mag helder kleure 'n belangrike rol speel in die broeiseisoen. Gewoonlik lê akkedisse **eiers** (ovopaar), alhoewel ander die eiers vir 'n gedeelte van die ontwikkeling terughou (ovovivipaar), terwyl dit bekend is dat by sommige soorte die kleintjies lewendig gebore word (vivipaar). Akkedisse **et** hoofsaaklik insekte, alhoewel groter soorte, diere soos muise en voëls mag eet. **Natuurlike vyande** is meestal slange, roofvoëls en soogdiere.

Gebruik nou die skematiese sleutel op bladsye 10 en 11 om onbekende akkedis tot op familievlak te identifiseer. In toekomstige uitgawes van hierdie nuusbrief sal verdere uitkenning sinligting verskaf word asook ander interessante gegewens omtrent Vrystaatse akkedisse. ☉

BIBLIOGRAFIE

BRANCH, W.R. 1981. An annotated checklist of the lizards of the Cape Province, South Africa. *Ann. Cape Prov. Mus. (Nat. Hist.)* 13: 141-167.

DE WAAL, S.W.P. 1978. The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State, South Africa. *Mem. nas. Mus., Bloemfontein*, 11: 1-160.

FITZSIMONS, V.F.M. 1943. The Lizards of South Africa. *Trans. Mus. Mem.* 1: 1-528.

GOIN, J.C., GOIN, O.B. and ZUG, G.R. 1978. *Introduction to Herpetology*. W.H. Freeman and Company. San Francisco.

Fotos: Nasionale Museum Versameling.

Lyntekeninge vanuit Goin *et al.* 1978.


ORDE: SQUAMATA

Liggaam bedek met sagte vel wat reëlmatige ringe vertoon oor die grootste gedeelte van die liggaam. Elke ring vertoon vierkantige segmente.



SUB-ORDE: AMPHISBAENIA
(Wurm-slange)

Liggaam bedek met granules of skubbe wat nie in reëlmatige ringe gerangskik is nie.



SUB-ORDE: SERPENTES (Slange)
OF
SUB-ORDE: SAURIA (Akkedissee)

Ledemate altyd afwesig en geen beweegbare ooglede kom voor nie.



SUB-ORDE: SERPENTES (Slange)

Ledemate sigbaar, indien afwesig, beweegbare onderste ooglid teenwoordig.



SUB-ORDE: SAURIA (Akkedissee)

ONBEKENDE AKKEDIS

